



## PROFESSIONELE AANSPREEKLIKHEIDSKEMA VIR VERPLEEGSTERS

Onderskryf deur **ITOO**   
In association with Hollard.

Hierdie brosjure is 'n kort samevatting van die versekeringsdekking wat onder die skema beskikbaar is en is onder geen omstandighede bedoel om die polisbewoording te vervang nie. Enige woord hierin gebruik of inligting hierin voorsien, is ondergeskik aan die polisbewoording.

Dit is belangrik dat u altyd alle inligting en feite wat 'n invloed kan hê op die bepaling van die risiko, moet openbaar. Hierdie inligting sal insluit vorige eise of enige aspekte omtrent of rakende uself of u beroep wat die risiko moontlik kan verhoog. Dit is belangrik om te voldoen aan die vereistes van openbaarmaking van wenslike feite.

### 1. DIE PRODUK

Skadeloosstelling vir mediese wanpraktyke gepleeg deur lede in die mediese verplegingsberoep. Enige groepe en individue in die mediese verplegingsberoep kan by hierdie skema aansluit.

### 2. VERSEKERINGSDEKKING

Die versekeraar stel die versekerde lid skadeloos vir skadevergoeding waarvoor die lid aanspreeklik mag wees om te betaal.

- As gevolg van sy/haar nalatige optrede as 'n mediese professionele persoon. Die skadeloosstelling sluit die redelike kostes en uitgawes verbonde aan sodanige eis in.
- Liggaamlike beserings en skade vooruitspruitend uit professionele gesondheidsorg.

#### Opsie 1

Studente tans ingeskryf by 'n geakrediteerde opleidingsfasiliteit.

Skadeloosstellingsperk – R 6 miljoen (per eis/per versekeringsperiode) Bybetaling deur lid. R 3 000

#### Opsie 2

Basiese dekking uitgesluit Verloskundiges

Verpleegkundiges nie betrokke by verloskunde nie. Skadeloosstellingsperk – R6 miljoen (per eis/per versekeringsperiode). Bybetaling deur lid. R 5 000

#### Opsie 3

Basiese dekking vir Verloskundiges

Verpleegkundiges betrokke by verloskunde. Skadeloosstelling – R10 miljoen (maksimum) (per eis/per versekeringsperiode). Bybetaling deur lid. R 5 000 Verhoog na R25 000, indien eis ontstaan uit pligte wat op verloskunde betrekking het, tydens voor en/of na die geboorte.

### 3. VERTEENWOORDIGING BY DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING

- Die regs-kostes verbonde aan die verteenwoordiging van die versekerde lid in enige siviele geding voortspruitend uit die nalatige optrede- die ondersoek, verdediging of skikking van die eis is beperk tot die skadeloosstellingsperk van die polis.
- Professionele aanspreeklikheidsverhore – R50 000 per gebeurtenis (ingesluit by die hoofperk.) Bybetaling per lid R1 000.

### OPSIONEEL – ADDISIONELE DEKKING

#### 4. OPSIE OM STANDAARD SKADELOOSSTELLINGSPERK TE VERHOOG

- (Nie beskikbaar vir Verloskundiges / Verpleegkundiges betrokke by verloskundige dienste nie). Limiet op aanspreeklikheid verhoog met R4 miljoen.
- Totale aanspreeklikheidsdekking na opsie uitgeoefen is R10 miljoen

#### 5. DEKKINGSVERLENGINGSTYDPERK

Die opsie kan geneem word om dekking te verleng nadat die lid die mediese beroep verlaat het. 3 Jaar tydperk – 40% op standaard premie (dekking is nie van krag indien die lid uit die skema bedank).

#### 6. TERUGWERKENDE DEKKING

Vanaf datum van aansluiting, tensy bewys van ononderbroke vorige dekking voorsien kan word.

#### 7. SKADELOOSTELLINGSPERK

Die perk is soos aangedui op die versekeringsertifikaat en is onderhewig aan wysigings van jaar tot jaar deur die versekeraar.

#### 8. PREMIE

Dekking bly van die krag indien lid se premies op datum is.



### Navrae kan gerig word aan:

Accu-Prof Insurance Brokers

Herman van Zyl

Tel: 012 345 5015 Faks: 086 524 8838 Posbus 924, Wingate Park, 0153

E-pos: [accup@icon.co.za](mailto:accup@icon.co.za) Webblad: [www.accuprof.co.za](http://www.accuprof.co.za)

Accu-Prof is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer. FSP no: 32066 \* CK95/25470/23